

## 23 Februarie - DAMP

**Skrifgedeelte: Jakobus 4:13-17 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Jakobus 4:14**

**J**akobus spreek in hierdie gedeelte die arrogante mens aan. Die mens wat op homself vertrou in die beplanning en bestuur van sy lewe. Die mens vir wie die aardse dinge so belangrik is dat dit sy denke oorheers. Geld, besittings, rykdom en status staan voorop in hierdie mens se lewe. Sy lewe draai dus om die begeerte om rykdom te genereer sodat hy daardeur belangrik kan wees.

In die oë van die wêreld beteken hierdie dae en begeertes dalk iets, maar uit 'n geloofshoek is hierdie dae niks werd nie. Daarom die smalende oproep deur Jakobus: *Kom nou!* Jy is nie in beheer nie. Jy kan nie besluite neem nie. Jy wik, maar God beskik. Jy is maar 'n *damp*, 'n ligte rokie, 'n miswolkie. Die een oomblik is jy daar en dan verdwyn jy. Jy beteken niks. Jy kan besluite neem en beheer probeer uitoefen om jou lewe in 'n bepaalde rigting te stuur, maar dan bring die almagtige God 'n verandering in jou lewe mee wat al jou planne omvergooi. Die verandering kan siekte, dood, werksverlies, natuurrampe of iets dergliks wees.

Jakobus sê dit is beter om jou lewe te beplan met die wil van die Here as vertrekpunt. As dit die wil van die Here is, sal ek trek, van werk verander, nuwe beleggings maak, hierdie of daardie projek aanpak. Die Here is in beheer van my lewe. Sonder Hom wil ek as gelowige geen besluit neem nie.

Sonder die wil van die Here is ek maar net 'n damp. Sonder Hom is my bestaan tot niks gedoem. Sonder Hom is my besluite sonde, want dan vertrou ek op myself en stel ek my bo die ewige, almagtige God, my Skepper en Onderhouer.

*Sing: Psalm 71:1 (1936)*

*Dr FG Minnie (Pastorale Berader – Cachet)*